

Lees die volgende twee tekste wat verwant is aan Jesus se kruisiging.

Die een is in die Ou Testament, maar dit dui op wat werklik gebeur het in Markus 15 in die Nuwe Testament.



# PSALM 22



# MARKUS 15

Het jy al ooit verlate en alleen gevoel?  Het jy al gevoel of niks sin maak nie en almal teen jou is?

In Psalm 22 het Dawid gevoel of almal teen hom is, maar in Markus 15 het Jesus nie net so gevoel nie - God het Hom werklik verlaat!

Hoe sal jy voel as die persoon met wie jy die intiemste verhouding het skielik hul rug op jou draai en van jou “vergeet”?  Jesus moes dit aan die kruis beleef, sodat ons dit nooit ooit werklik hoef deur te maak nie.


ELI, ELI, LEMÁ SABAGTANI?

Jesus roep uit: “My God, my God, waarom het U my verlaat?”

Let op na die intimiteit – “my God” – dit moes vir Hom vreeslik gewees het. Die fisiese en emosionele pyn wat Hy beleef het was onbeskryflik.

God het doelbewus Sy rug op Jesus gedraai as die verteenwoordiging van die sondige mensdom. Hy het dit gedoen vir al die sondes van Jesus se volgelinge, maar ook die wat Hom ignoreer of nie erken het nie. Vir almal.

# ROMEINE 8:35-39

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe:
"Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig,
dat ons soos slagskape behandel word." Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. **Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.**

Dit wat Jesus deurgemaak het hoef ons nooit ooit deur te maak nie. God sal jou nooit vergeet/ verlaat soos wat Hy Jesus verlaat het nie. Jesus se dood het dit moontlik gemaak vir ons om in die teenwoordigheid van God te kan leef, al verdien ons dat Hy sy rug op ons draai.

Hoe kan jy van God vergeet as Hy jou nooit sal vergeet nie? Was daar al tye wat jy vergeet het van God? Wat jy dalk van die pad afgedwaal het? Dalk het jou gebedslewe vervaag of jy het vir 'n paar weke nie kerk toe gegaan of met God gepraat nie...

Goeie Vrydag herinner ons daaraan dat ons nooit mag vergeet nie.



Hierdie blom se naam is Vergeet-my-nie.  Blomme word dikwels op begrafnisse gebruik.  Hoe kan ons sulke hartseer insidente “vier”? Hoe kan ons blomme gee op sulke geleenthede?
Dis belangrik om die goeie tye te vier, maar ook die slegte en hartseer tye.  Ons wil nie vergeet van die mense wat dood is nie. Ons wil vashou aan die herinneringe en hul nalatenskap.

Ons mag nie ophou om Goeie Vrydag te vier nie.  Ons mag nie ophou om Kersfees te vier nie.  Ons vier geliefdes se verjaardae.  Ons vier huweliksherdenkings.  Want ons vergeet so maklik!

Hierdie vieringe help ons om te onthou en die vuur en vlam nie te laat verlore gaan nie.


PandoTrip.com
© Shutterstock

Hoekom dink jy is dit belangrik om Paasfees, Jesus se kruisiging, te vier? Hoekom dink jy is dit belangrik om huweliksbeloftes te herdenk? Om verjaardae te vier? Om die nagmaal te vier in jou gemeente?

Hoekom dink jy is dit belangrik om Sondae kerk toe te gaan en as gemeenskap van gelowiges sekere bekende rituele te volg?



*Someone once asked the great Russian ballerina, Anna Pavlova, what she meant by a particular dance she performed. "What message," they asked, "are you trying to convey through that dance?" The great Anna Pavlova replied: "If it could be said in words there would be no need to dance it." Precisely. There are some truths in life that are just too big for words. They have to be dramatized. They have to be acted out. And that's exactly what the story of Easter is all about. On that old rugged cross on Good Friday, in that empty tomb on Easter morning, God was dramatizing His message. He was acting out the truth that was just too big to ever be captured in mere words. But it is when we come to grasp that truth so clearly displayed in Easter, that we begin to look at life from a whole new perspective. We begin to look at life through Easter eyes.*


ONTHOU
EKSODUS 12:11-14
JOHANNES 14:25
DEUTERONIUM 6:9-12

Ons mag nie toelaat dat Goeie Vrydag se tradisies en viering uitsterf nie.  Ons het die verantwoordelikheid om dit aan ons nageslagte oor te dra en met hulle te deel.

Ons mag nie vergeet van mekaar en van God nie.

Ons mag nie vergeet van Sy liefde en Sy teenwoordigheid nie.

Watter tradisies en rituele het julle as gesin om Paasfees te herdenk en lewendig te hou?
Watter tradisies en rituele het julle as huwelikspaartjie om jul huwelik lewendig te hou?
Watter tradisies en rituele het julle as gesin, as vriendekring?



Die kruis is seker die bekendste simbool van die Paasfees. Waar het jy onlangs ‘n kruis gesien? Watter gedagtes het by jou opgekom?

Ons sien kruise langs die pad as iemand oorlede is. Ons sien dit op geboue en in kerke. Ons sien dit aan hangertjies en by ‘n hospitaal. Daar is ook ongewone plekke waar ons kruise sien – die wolke kan ‘n kruis vorm... Hot cross buns... Vensterrame...

Ek hou nie baie van hot cross buns nie, maar ek koop dit met Paasfees, want ek wil nie hê die tradisie van die kruis daarop moet uitsterf nie. Ek wil nie hê die wêreld moet die kruis vergeet nie!

Dis alles net simbole, maar as ‘n Christen wat die Paasverhaal ken, het dit vir ons betekenis en bring dit sekere herinneringe op. Dit bring hoop. Dit bring nederigheid. Rustigheid. Stabiliteit. Troos.

Mag jy die boodskap van die evangelie rondom jou raaksien as jy deur Paasfees-oë na die wêreld kyk. Mag jy raaksien dat God nog lewendig is – nie net in simbole nie, maar in die verandering wat Hy teweeg bring elke dag.





Lees nou die volgende opstandingstekste.

Hoe hou jy die boodskap van die evangelie lewendig in jou daaglikse lewe?

Jesus se Opstanding uit die dood is die kern van ons geloof.

Dit is die Evangelie, die goeie nuus.

Jesus sterf, maar nie verniet nie... Hy sterf vir ons sondes. Hy betaal vir ons sondes met Sy bloed. Hy sterf sodat ons kan lewe.

Hy oorwin die dood en staan uit die dood uit op sen gee vir ons die ewige lewe.

Hy wys dat die dood nie meer 'n houvas op ons het nie, want ons sondes is totaal betaal.

# LUKAS 24:1-12
# Jesus het opgestaan




1 Korintiërs 15:1-4
Die opstanding van Christus

Jesus se Opstanding uit die dood is die kern van ons geloof.

Dit is die Evangelie, die goeie nuus.

Jesus sterf, maar nie verniet nie... Hy sterf vir ons sondes. Hy betaal vir ons sondes met Sy bloed. Hy sterf sodat ons kan lewe.

Hy oorwin die dood en staan uit die dood uit op sen gee vir ons die ewige lewe.

Hy wys dat die dood nie meer 'n houvas op ons het nie, want ons sondes is totaal betaal.